UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
3 0 NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
Vol. I, No. 7

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 20 November, 1959.

## Burgemeestersjaarverslag

Graag word dit bekend gemaak dat my voorganger, raadslid S. W. J. Liebenberg, se jaarverslag t.o.v. sy tweede ampstermyn, d.w.s. September 1958 tot September 1959, nou gereed is. Die verslag dek al die verskillende munisipale bedrywighede en bevat baie interessante gegewens oor ons dorp waarvan baie inwoners onbewus moet wees. Eksemplare sal van volgende week af beskikbaar wees by die Munisipale kantoor.

In die verlede was daar 'n ietwat teleurstellende aanvraag na die jaarverslag en die Raad sal dit as 'n aanmoediging beskou indien daar vanjaar groter belangstelling is. Graag wil ek dan ook vir raadslid Liebenberg en diegene wat hom met die versameling van inligting behulpsaam was, bedank en gelukwens vir die uitstekende stuk werk.

## Huis-tot-Huis-Kollektes

Lesers sal onthou dat daar voorheen in hierdie rubriek melding gemaak is van die moeilikhede wat die Raad gehad het in verband met die toepassing van die regulasies insake huis-tot-huis-kollektes. Ek wil graag benadruk dat die Raad se bedoeling met hierdie regulasies geensins is om gevestigde plaaslike organisasies in hul aktiwiteite te strem nie, maar om oneerlike praktyke uit te skakel, en om 'n mate van

kontrole uit te oefen oor fondsinsameling deur instansies van buite Stellenbosch.

Na konsultasie met welsynsorganisasies het die Raad nou sy beleid soos volg geformuleer:

(1) Alle aansoeke van buite die landdrosdistrik Stellenbosch sal individueel en op meriete deur die Raad oorweeg word.

(2) Goedkeuring word in beginsel verleen aan alle bona fide plaaslike liggame, met dien verstande dat hulle as sulks by die Raad geregistreer word.

'n Liggaam se eerste aansoek sal dus deur die Raad behandel word, en daarna sal aansoeke van daardie liggaam administratief deur die kantoor goedgekeur kan word. Dit bly nodig dat alle lyste wat rondgaan die munisipale stempel dra.

## Straatkollektes

Die Raad het ook onlangs die straatkollektes vir 1960 toegeken. In hierdie verband voel die Raad dat dit wenslik is en ook nie onbillik nie, om 'n beperkte aantal kollektes gedurende 'n jaar toe te staan. Twaalf kollektes is vir volgende jaar goedgekeur en voorkeur is gegee aan plaaslike organisasies. Diegene aan wie dit onmoontlik was om vanjaar 'n beurt toe te ken sal stellig 'n jaar of wat later geakkommodeer kan word.

## Openbare Geriewe

Daar is weer eens aan die Raad voorgestel dat die wenslikheid van verdere openbare sanitêre geriewe in die sentrale deel van die dorp oorweeg word, en 'n ondersoek word tans uitgevoer.

'n Groot probleem is egter die feit dat dit nie baat om geriewe daar te stel tensy voldoende toesig gereeld beskikbaar is nie. Die ondervinding het geleer dat daar dikwels ernstige misbruik gemaak word van sulke plekke deur die swakker tipe persoon, en om 'n voltydse opsigter aan te hou met gereelde skoonmaakdienste kos heelwat van die belastingbetalers se geld.

## Sluiting van Washuis

Na aansienlike beraadslaging het die Raad besluit om die Washuis in Jan Cilliersstraat van einde 1959 af te sluit.

Daar word gevoel dat hierdie inrigting, wat reeds in 1917 gebou is, nouliks meer aan sy doel beantwoord en ook dat die huidige gebou onaansienlik is en daarby verkeerd geleë. Indien dit wel later blyk dat daar genoegsame aanvraag is vir 'n moderne washuis, sal die Raad dan oorweging skenk aan 'n moontlike nuwe gebou op 'n beter terrein.

W. C. DEMPSEY.

---

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 27 November 1959.

## Gelukwense aan Kweekskool

Dit is vir my 'n voorreg om my by al dié te mag skaar wat die honderdjarige bestan van die Kweekskool herdenk en om die beroemde inrigting uit naam van die Stadsraad en die samelewing van Stellenbosch van harte geluk te wens.

Honderd jaar gelede is die Kweekskool opgerig as gevolg van die besef van die behoefte aan hoër onderwys, in hierdie geval vir die opleiding van Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. En soos so dikwels in sy geskiedenis, was Stellenbosch in die gelukkige posisie om leiers en kampvegters te hê wat ver kon sien en wat die vasberadenheid en volhardingsvermoë besit het om hul doel te bereik.

Die Kweekskool is by sy ontstaan gesteun deur die goeie gesindheid van die publiek van Stellenbosch — en hierdie gesindheid bestaan nog onverminderd voort.

Vandag kan die Kweekskool terugsien op die eerste eeu van sy bestaan in die dorp wat in die nie al te verre toekoms nie, die derde eeu van sy bestaan sal voltooi — feite wat tot eerbied en dankbaarheid stem.

Dat die stigting van die Kweekskool 'n verreikende invloed op die verdere ontwikkeling van die onderwys op Stellenbosch gehad het, is bekend; ook dat van sy professore en predikante hulle met groot welslae vir die saak beywer het. So sal dit altyd besonder nou verbonde bly aan die steeds groeiende en lewende Stellenbosch wat hom ook in die toekoms van harte alle welslae toewens in verband met die groot werk wat op die geskiedkundige terrein in die hart van ou Stellenbosch in die belang van ons land gedoen word.

W. C. DEMPSEY.

Mayor's Parlour,
Friday, 4th December, 1959.

## Personalia

It has been with regret that Stellenbosch has had to take leave this week of its popular and respected Chief Magistrate, **Mr. R. C. Stewart,** who has been transferred to Port Elizabeth on promotion. Both Mr. and Mrs. Stewart have served the community of Stellenbosch in a variety of fields and there can be no doubt that Stellenbosch owes them a great debt of honour. I am sure that one and all will join me in wishing them all happiness and prosperity for the future.

At the same time it is privilege to extend, on behalf of the citizens of Stellenbosch, a most cordial welcome to Mr. Stewart's successor, **Mr. Andries Brink,** and to Mrs. Brink. I sincerely hope that their stay in Stellenbosch will be long and pleasant. Our new Chief Magistrate has been promoted to this post from a neighbouring town and he is not a complete stranger to us. We have heard a lot of good things about Mr. and Mrs. Brink, and I would almost warn them that they have quite a reputation to live up to!

Stellenbosch has also had to take leave of its Postmaster, **Mr. R. J. Botha,** who has been transferred on promotion to Pietermaritzburg. Mr. Botha has served the town with distinction for many years and his absence will certainly be felt, as will that of his wife. I understand that his successor has not yet been appointed.

Last, but by no means least, a big "thank you" on behalf of the town to **Professors F. E. J. Malherbe, J. H. Neethling, C. G. S. de Villiers** and **B. B. Keet** who are retiring at the end of this year. It must be a great loss to the University to have to take leave of four men of their calibre in one year, but luckily, I have not heard any rumours of any of them leaving Stellenbosch. We certainly hope that Dr. Fransie, Oom Jan, Dr. Con and Dr. Bennie will be amongst us for many years to come.

## Public Swimming Bath

A few weeks ago a correspondent "Gegrief" stated in "Eikestadnuus" that he could not understand why Stellenbosch could not have a proper public swimming bath. A few facts and figures will perhaps serve to clarify the position.

To build a swimming bath of a size suitable for competitions, with dressing rooms and facilities of reasonable

standard, would probably not cost less than £30,000. Finding the interest and redemption for such a loan is furthermore by no means the end of the story, as there is considerable further expense in running costs, maintenance and supervision. We have made extensive enquiries amongst towns that have erected swimming baths in recent times, and in all cases there is a deficit ranging from about £2,700 to as much as £8,000 every year. If we erect a bath of say £30,000 we must expect an annual deficit of at least £4,000 or about £6.5.0. per annum per ratepayer. Under existing financial circumstances — and it may be noted that we have budgeted for a deficit of £23,000 for next year — it was felt that such a scheme could not be entered into at this stage.

I would like to stress, however, that the idea of building a bath has not been shelved. It may still be found possible to build a bath if the costs of construction can be adequately reduced. This would possibly mean a smaller bath unsuitable for competitive purposes and one without high diving facilities. Investigations are proceeding.

It has been suggested that certain organisations in town might be willing to assist in a fund raising effort for a swimming bath. It is hardly necessary to say how much the Council would appreciate such action being taken by the public, without which it might not be possible to achieve this ideal for many years to come.

W. C. DEMPSEY.

---

Burgemeesterskantoor,
Vrydag, 11 Desember 1959.

## Stadhuisverbeterings
## Stadsaalvloer

Dit is vroeër bekendgemaak dat die Raad ondersoek instel na die moontlikheid om die gekraak van die stadsaalvloer, wat ons almal so gehinder het (veral wanneer mense met konserte en funksies laat kom) uit te skakel. 'n Metode wat nie te veel koste meegebring het nie, is gevind en ons is werklik in ons skik met die goeie resultaat wat bereik is. Daar sal nog 'n baie geringe gekraak wees — iemand het gesê nie meer as 'n tiende van wat dit voorheen was nie — maar om alle geraas honderd persent uit te skakel sal feitlik neerkom op die lê van 'n nuwe vloer teen baie hoë koste.

## Banketsaal

Die oorspronklike bedoeling was om ook die Banketsaal se vloer op dié manier te behandel, maar heel moontlik sal dit nie uitvoerbaar wees nie as gevolg van die moeilikheid om onder hierdie vloer te werk. Gelukkig word hierdie saal hoofsaaklik vir dans gebruik, en as mens dans hinder so iets jou blykbaar nie soveel nie! Die saak word egter nog verder nagegaan. Daar is ook by die Raad aanbeveel om i.p.v. om die vloere gedurig te skrop, 'n standhoudende tipe politoer te gebruik. Die mening is dat die vloere dan nie alleen baie mooier sal lyk en langer behoort te hou nie, maar veral dat skoonmaak baie minder tyd en arbeid in beslag sal neem. Die Raad het besluit om die vloer van die banketsaal as 'n eksperiment so te behandel.

## Sonblindings

Daar word al lank gevoel dat 'n plan gemaak moet word met die son wat so hinderlik kan inskyn deur die vensters van die stadsaal. Dit geld veral met geleenthede soos troues, tentoonstellings en ander funksies wat bedags gehou word.

Daar is verskeie moontlikhede in hierdie verband, soos gordyne, venesiese blindings, e.d.m., maar afgesien van die baie hoë koste wat dit sal meebring, is daar heelwat praktiese probleme. 'n Moontlike alternatiewe oplossing is 'n hitte-absorberende tipe gekleurde glas wat permanent in die vensters aan die westekant van die saal geïnstalleer kan word. Ons moet net oppas dat die saal daarna nie te donker en miskien teneerdrukkend gaan wees nie. Monsters van die glas word nou verkry en die ondersoek gaan voort.

## Diverse Verbeterings

Die Raad het gelukkig nog 'n paar honderd pond op sy begroting van hierdie jaar vir die daarstelling van verskeie kleiner verbeterings in die stadhuis, wat nou aangebring word. Artikels soos trollies, stoele, droograkke, 'n waaier, ens., sal in die kombuis kom terwyl die publieke kleedkamers sowel as dié op die verhoog verbeter sal word met spieëls, stoeltjies en rakke. 'n Hokkie word ook om die telefoon gebou en 'n vervoerbare platvorm vir 'n dansorkes sal voorsien word. Die bou van 'n kroegafskorting word in die vooruitsig gestel vir volgende jaar.

## Kombuis

Afgesien van die aanbring van ekstra meubelstukke in die kombuis, voel die Raad dat daar 'n algehele herbouing

en verbetering van die kombuis vroeër of later aangepak moet word. Dit is duidelik dat byvoorbeeld die kookgeriewe baie ontoereikend is. So 'n skema sal egter waarskynlik in die buurt van £2,000 kos, waarvoor die Raad moontlik later 'n lening sal moet aanvra.

## Afrondingswerk aan Gronde

Dit is miskien minder bekend dat sekere afrondingswerk aan die muurtjies voor die stadhuis en aan die pilare aan die westekant nog nooit voltooi is nie. Daar moet onder andere nog sekere ysterwerk aangebring word op 'n paar plekke, waarvoor die ontwerpe nou gereed is. Die voltooiing van hierdie werk, wat hopelik volgende jaar gedoen sal word, behoort 'n groot verbetering te wees op die algemene voorkoms van die gebou en gronde.

## Vlagpale

Van verskeie oorde is die mening uitgespreek dat die huidige vlagpale teen die muur so agter die akkerboom weggesteek is dat mens hulle nooit raaksien nie. Die Raad het in beginsel besluit om twee nuwe pale, een vir die Unievlag en een vir die nuwe dorpsvlag, op die gronde te plant. Daar word nou nagegaan presies waar die geskikste plekke sal wees.

## Nuwe Parkeerterrein

Ofskoon die nuwe parkeerterrein agter die Stadhuisgronde, met ingang uit Andringastraat, nog glad nie reggemaak is nie, is dit egter moontlik om reeds nou al daarvan gebruik te maak. Daar sal so min as moontlik gesloer word met die verskaffing van 'n behoorlike oppervlakte e.d.m., en ons hoop seker almal dat die bome wat daar geplant gaan word, besonder vinnig gaan groei. Maar die publiek is welkom om intussen daar te parkeer.

## Noodhulp: Prieska

Ons het seker almal gelees van die geweldige stormwind wat Prieska onlangs getref het, as gevolg waarvan honderde nie-blankes nie alleen dakloos is nie, maar ook meeste van hul besittings verloor het. Aanbiedinge van hulp het al uit verskeie oorde gekom en ek is genader deur mense wat graag

ou klere soontoe wil stuur. Die Munisipaliteit sal met plesier saamwerk en onderneem om alle pakette wat by die Munisipale kantoor ingedien word, soontoe te stuur op die Raad se koste. Die is egter nodig dat die pakkies reeds opgemaak en gereed vir versending moet wees, en ook moet hulle nie meer dan elf pond weeg nie. Ek hoop van harte dat daar uit Stellenbosch 'n goeie reaksie sal wees op Prieska se oproep om hulp.

W. C. DEMPSEY.

---



PRO EC. 12/59—12263